

## Die “dag van die Here” kom – hou moed!

1 Tessalonisense 5:1-11



Paulus skryf hierdie brief vir die pasgestigte gemeente in die Griekse stad Thessaloniki – om hulle te bemoedig en te troos. In hierdie bruisende stad met so ‘n oorweldigende Grieks-Romeinse kultuur was dit vir hulle waarskynlik nie maklik om hul geloof te behou, en dit suiwer en sonder dwalinge te hou nie.

Oor ‘n hele paar dinge het die gemeente verward geraak; een daarvan was verskillende teorieë oor die eindtyd: oortuigings oor Christus se wederkoms, oor die oordeel en die lewe na die dood. Party het vas geglo Jesus se koms is baie naby – hulle het selfs verklaar dat hulle presies weet wanneer dit gaan gebeur. So was hulle oortuig van sy nabye wederkoms dat hulle selfs opgehou werk het ... en toe vir die ander ‘n las geword het! Ander weer het gesê hulle dink die oordeelsdag gaan nooit aanbreek nie – ons kan maar rustig voortlewe en doen net wat ons graag wil ... dié storie oor ‘n dag van oordeel is sommer bog! Nog ander het gewonder: maar as ek nou doodgaan voor Christus se wederkoms, voor hierdie dag van oordeel en verlossing aanbreek, dan gaan ek mos benadeel wees en nie kan deel in die wonderlike dinge wat dié dag alles inhou nie!

Hierdie soort verwardheid oor die eindtyd is vandag steeds springlewendig. Daar is in ons tyd amper ‘n beheptheid met allerlei profesieë en voorspellings (en selfs samesweringsteorieë) oor die dag van oordeel. Kyk maar hoeveel films word gemaak oor die Armageddon, die laaste groot veldslag. Kyk maar hoeveel sogenaamde “preppers”, mense wat hulle op dié dag voorberei, is daar in Amerika. Mense voel toenemend onseker en bang; daarom gryp hulle na allerlei strooihalms soos profesieë en teorieë. Ander lag

dit weer af: daar sal tog nooit 'n eindoordeel of verlossingsdag wees nie, daar is geen sin of einddoel met alles nie – kom ons eet en drink en wees maar vrolik.

Oor die koms van wat Paulus die “Dag van die Here” noem, gee hy dan vir die gemeente raad. Hy noem basies vier dinge:

- (1) Die eerste ding wat hy oor die “Dag van die Here” sê is dat dit regtig gaan gebeur, dit staan vas, dit kom. Christus gaan beslis weer eendag terugkom. Daarvoor hoef niemand te twyfel nie.
- (2) Die tweede ding wat Paulus oor die “Dag van die Here” sê is dat ons nie weet of kan voorspel wanneer dit gaan wees nie. Niemand weet nie. Net soos niemand weet wanneer jy te sterwe gaan kom nie, sal dit onverwags gebeur. Amper soos 'n dief wat mens in die nag oorval – dit kan enige tyd gebeur. Binnekort, dalk eers oor duisend jaar? Ons weet nie wanneer nie.
- (3) Die derde ding wat hy oor die dag van Christus se wederkoms sê, is om bietjie die sluier te lig oor wat dit alles vir ons gaan inhou. Die term wat Paulus vir hierdie dag gebruik is nie verniet “Dag van die Here” nie. Daarmee sluit Paulus aan by die groot verwagting van die Ou Testament, dat daar 'n “Dag van die Here” aan die kom is, en dat dié dag oordeel inhou, oordeel oor die onregverdiges en die vyande van God. Maar die “Dag van die Here” beteken ook verlossing, die heel- en nuutmaak van alles. Dan sal die vrederyk, die *sjaloom* van God deurbreek, dit waarvan Psalm 85:10-14 sing: “Waarlik, uitkoms is naby vir die wat hom dien: Hy sal sy reddende mag in ons land openbaar. Liefde en trou sal mekaar ontmoet, geregtigheid en vrede sal mekaar omhels; trou sal uit die aarde uit opspruit, geregtigheid sal uit die hemel afkom. Die Here sal voorspoed skenk en ons land sal sy oes gee. Die geregtigheid sal Hom vooruitgaan en 'n pad maak vir sy koms.” Mooi staan dit in die oorspronklike: “geregtigheid en vrede sal mekaar soen”. Nou is die goeie nuus van die Nuwe Testament dat die “Dag van die Here”, die dag wanneer Christus weer kom, vir ons wat in Christus glo, verlossing inhou, nie oordeel nie: “God het ons tog nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur die Here Jesus Christus verlos te word” (vers 9). Dis 'n dag om na uit te sien!
- (4) En dan sê Paulus 'n vierde ding oor hierdie “Dag van die Here”. Ons wat reeds gesterf het gaan nie hierdie heerlike verlossing misloop nie. Dis nie net bedoel vir hulle wat op daardie dag nog leef nie. Nee, die wat reeds gesterf het, gaan weer opgewek word, soos uit 'n diepe slaap, en saam met al die gelowiges – hulle wat reeds gesterf het en hulle wat dan nog leef – deel kry aan die nuwe lewe naby God, in God se teenwoordigheid. Die “Dag van die Here” wat aan die kom is, hou daarom vir ons diepe troos in, dis iets om na uit te sien, dis nie iets om te vrees nie.

Maar Paulus skryf nie net oor die “Dag van die Here”, oor wat dit alles gaan inhou nie. Amper belangriker is wat hy skryf oor hoe ons moet lewe totdat dié dag aanbreek, hoe ons elke dag moet lewe. Hy skryf vir die gemeente in Thessaloniki: julle moet met 'n soort wakkerheid, 'n nugterheid lewe. Julle moet vandag lewe, elke dag ... moenie dat die koms van die “Dag van die Here” julle op enige manier lamlê nie, of julle angstig maak nie, of julle perspektief laat verloor nie. Nee, lewe vandag en elke dag maar gewoon as kinders van die Here, doen julle werk, doen goeie werke, leef soos die Here wil, leef in die lig.

En dan verduidelik Paulus wat dit beteken om met nugterheid te lewe, of om in die lig te lewe. Dit beteken daar is drie dinge wat die deurslag in jou lewe moet gee, die drie dinge wat hy in meeste van sy briewe onderstreep: geloof, hoop, liefde. Bly elke dag vashou aan die *geloof* in Christus, glo die blye boodskap van verlossing in Christus. En hou vas aan die *hoop* op wat Christus belowe het toe Hy gesê het: “Kyk ek maak alles nuut”. En lewe met *liefde*, liefde vir God en liefde vir mekaar. Laat liefde julle lewens kenmerk. Geloof, hoop, liefde, hierdie drie – daarmee moet ons lewe totdat die “Dag van die Here” kom.

As ons dit doen, as ons vashou aan geloof, hoop, liefde, dan kan die “Dag van die Here” maar enige tyd kom. Dan het ons daarvoor niks te vrees nie, trouens, ons kan maar daarheen uitsien, want dit bring finale verlossing.

En dan sluit Paulus hierdie gesprek met die gemeente af: praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde. Troos mekaar met hierdie woorde. Dis hoekom ons vanoggend hier in die kerk is, hoekom ons elke Sondag hierheen kom, sodat ons mekaar in hierdie tyd van ontwrigting, angs en onsekerheid weer en weer kan bemoedig en troos met die Woord: **“God het ons tog nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te word”!**

*Gideon van der Watt*